# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

29/2022

6 September 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR




Die waarde vir September is **aanspreeklikheid**. Dit is `n baie gewigtige woord wat beslis `n invloed op ons almal se lewens het. Aanspreeklikheid beteken dat ons almal die verpligting het om vir iets verantwoordelik te wees en daarvoor aanspreeklik gehou kan word. Laerskool Mikro se opvoeders, ouers en leerders is gesamentlik daarvoor aanspreeklik om te sorg dat alle partye altyd trots op ons skool en sy bedrywighede kan wees. Die afgelope Saterdag was weer `n trotse oomblik toe `n baie suksesvolle Elto Towers 7`s-toernooi aangebied is. Baie dankie aan elke personeellid, afrigter en ouer wat hulle verantwoordelikhede met soveel geesdrif en ywer afgehandel het om van hierdie dag `n reuse sukses te maak.

Dankie vir die afgelope winterseisoen se aanmoediging en ondersteuning tydens ons wintersporte. Ons doen egter weer `n beroep op u om u kind aan te moedig om aan ten minste een somersport deel te neem. Mikro-kosmos se nuwe artikel, wat eersdaags in die Lalasini-aanlyntydskrif gaan verskyn, handel oor die voordele wat sport vir ons kinders inhou. As ouers en opvoeders word ons aanspreeklik gehou om ons kinders aan te moedig om gesonde keuses uit te oefen.

Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

## 2. KONSERT: VERSKIETENDE STERRE




### 2.1 KOSPAKKIES:

Kospakkiebestellings eindig komende Vrydag, 9 September 2022. Ons herinner alle werkende mammas aan die wonderlike geleentheid om tydens die aandoptredes 'n kospakkie vir u kind @ R45 te bestel. Sodoende sal jul kinders se hongerpyne gestil wees tydens die optredes. Kospakkies kan kontant asook met Karri-toepassing betaal word. Onthou om die afskeurstrokie skool toe te stuur.

### 2.2 DEELNEMERSFOOI:

Indien u aangedui het dat u kind gaan deelneem aan die konsert, onthou om so spoedig moontlik u kind se R100 deelnemersfooi te betaal. Betaling kan kontant asook deur middel van Karri-toepassing geskied. Alle deelnemersfooie moet voor die Vrydag, 16 September 2022 geskied.

### 2.3 KAARTJIEVERKOPE:

Indien u nog nie u kaartjies gekoop het nie, sal u gou moet spring voordat alles uitverkoop is.

Slegs die volgende kaartjies is nog beskikbaar:

| | |
|---|---|
| Volwassenes: | R70 (agter in die saal) |
| Laerskool/voorskoolse kinders: | R40 (agter in die saal) |

3. **WINTERSPORTFOTO'S**

Leerders kom môre, Woensdag, 7 September 2022, in die klere waarin hulle eerste afgeneem word, skool toe en bring ander sportdrag/skooldrag ook saam waarin hul afgeneem moet word. Sien op program die korrekte kleredrag vir elke foto - indien 'n leerder die verkeerde drag aan het, sal hy/sy nie op die foto verskyn nie.

| Tyd | Sport/Groep | Span | Kleredrag | Afrigter/Onderwyser |
|---|---|---|---|---|
| 08:00<br>08:05<br>08:10<br>08:15<br>08:20 | Hokkie dogters | o.7<br>o.8<br>o.9<br>o.10<br>o.11 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 08:25<br>08:30<br>08:35<br>08:40<br>08:45 | Hokkie seuns | o.7<br>o.8<br>o.9<br>o.10<br>o.11 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 09:00<br>09:05<br>09:10<br>09:15<br>09:20<br>09:25 | Rugby | o.7<br>o.8<br>o.9<br>o.10<br>o.11<br>o.13 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 09:30 | Hokkie dogters | o.13 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 09:35 | Hokkie seuns | o.13 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 09:45 | Fietsryspan | Almal wat gedurende 2022 deelgeneem het | Amptelike Mikro-drag (geen fietsryskoene, tekkies asb.) | Betrokke Afrigters |
| 10:00 | Skaak | Ope spanne | Wintersdrag | Betrokke Afrigters |
| 10:35<br>10:40<br>10:45<br>10:50<br>10:55<br>11:00<br>11:05 | Netbal | o.7<br>o.8<br>o.9<br>o.10<br>o.11<br>o.12<br>o.13 | Wedstrydklere | Betrokke Afrigters |
| 11:15 | Provinsiale & Nasionale Presteerders | Groep | Provinsiale/nasionale sweetpak | Skoolhoof |
| 11:20 | Fotoklub | Groep | Wintersdrag | Betrokke personeel |
| 11:25 | Leerderraad | Groep | Wintersdrag-formeel | Betrokke personeel |
| 11:30 | Rasieleiers | Groep | Interhuisklere | Betrokke personeel |
| 11:35 | Mikroskoop redaksie | Groep | Wintersdrag | Betrokke personeel |
| 11:40 | Landloop | Almal wat gedurende 2022 deelgeneem het | Amptelike atletiekdrag | Karla Verwey |

4. **MIKRO SPORTONDERSTEUNERSKLUB**

Ons wil graag ouers se insette hê om die haalbaarheid vir `n sportondersteunersklub vir Mikro te bepaal.

Lees asb. aangehegte brief in verband hiermee.

## 5. <u>GEKONTROLEERDE TOETSE</u>

Die formele toetsreeks duur vanaf:
Woensdag, 7 September 2022 tot 15 September 2022: Graad 7-leerders
Maandag, 12 September 2022 tot 15 September 2022: Graad 4 tot 6-leerders

Tydens die gekontroleerde toetsreeks word daar baie streng maatreëls toegepas. **<u>GEEN</u>** toetse mag later as die toegewysde datum gekryf word nie. Indien 'n leerder afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word. Die WKOD sal die leerder se punt in so `n geval verwerk. Indien die leerder afwesig is sonder 'n doktersbrief, verbeur hy/sy die punte. Hierdie is die beleid van die WKOD en moet streng toegepas word.

Ons moedig die leerders ten sterkste aan om te kom skryf. Dit is tot hul eie voordeel.

Voorspoed vir die week.

A. Spreeth
**ADJUNKHOOF**

VUMA
INTERNET PROUDLY SPONSORED BY: coolideas FIBRE INTERNET